



AgEcon SEARCH
RESEARCH IN AGRICULTURAL & APPLIED ECONOMICS

The World's Largest Open Access Agricultural & Applied Economics Digital Library

This document is discoverable and free to researchers across the globe due to the work of AgEcon Search.

Help ensure our sustainability.

Give to AgEcon Search

AgEcon Search

<http://ageconsearch.umn.edu>

aesearch@umn.edu

*Papers downloaded from **AgEcon Search** may be used for non-commercial purposes and personal study only. No other use, including posting to another Internet site, is permitted without permission from the copyright owner (not AgEcon Search), or as allowed under the provisions of Fair Use, U.S. Copyright Act, Title 17 U.S.C.*

INNOVASIEKENMERKE WAT DIE BYWONING VAN NIE-FORMELE BOERDERYBESTUURSKURSUSSE BEINVLOED

A de K Marais

Departement Bedryfseconomie, Universiteit van Suid-Afrika, Pretoria

MJ van Reenen

Departement Bedryfseconomie, Universiteit van Suid-Afrika, Pretoria

Abstract

Innovation characteristics which influence the attendance of non-formal farm management courses

This article considers the innovation characteristics which influence the attendance of non-formal farm management courses. These characteristics are the relative advantage, compatibility, complexity, trialability and observability. Results show that the relative advantage which could be obtained by attending a non-formal farm management course is the most significant characteristic which influences the attendance of non-formal farm management courses.

Samevatting

Hierdie artikel handel oor die innovasiekenmerke wat die bywoning van nie-formele boerderybestuurskursusse beïnvloed. Die kenmerke is die relatiewe voordeel, versoenbaarheid, kompleksiteit, toetsbaarheid en waarneembaarheid. Resultate toon dat die relatiewe voordeel wat behaal kan word met die bywoning van nie-formele boerderybestuurskursusse die kenmerk is wat die bywoning van nie-formele boerderybestuurskursusse die meeste beïnvloed.

1. Inleiding

In Suid-Afrika bestaan daar oor dekades heen kommer oor die vlak of gehalte van boerderybestuur op plaasvlak (Hattingh, 1969; Groenewald, 1973; Louw, 1986; Oosthuizen, 1987; Joubert, 1987). Groenewald (1973:44) het in die vroeë sewentigs, na aanleiding van opnames in verskillende dele van Suid-Afrika, tot die algemene gevolgtrekkings gekom dat, a) daar 'n ontstellende gebrek aan belangstelling in kennis by 'n groot persentasie boere is en b) die lae produktiwiteit op plase die gevolg van 'n lae peil van aanvaarding van verbeterde boerderypraktyke by boere is. Louw (1986:5-6) identifiseer meer as 'n dekade later ook sekere tekortkominge in boerderybestuur op plaasvlak. Van die tekortkominge is dat daar by boere 'n gebrek aan boerderybestuursvaardighede ingetree het in verhouding tot die omvang van die boerderyonderneming en die eise wat in die toekoms gestel sal word; en dat boere onwillig is om by die veranderde omgewing aan te pas, of om professionele advies by die oplossing van finansiële probleme te volg.

Die traagheid van die mens (boer) om moderne boerderytegnieke in hul boerdery toe te pas, word deur De Klerk & Dūvel (1982:1) as een van die belangrikste faktore beskou wat tegnologiese vooruitgang op die landboukundige terrein kortwiek. In Suid-Afrika is daar veral op landbou-tegniese gebied heelwat navorsing gedoen oor die rol van persepsie in die innovasiebesluitnemingsproses, gedragsverandering, en die aanvaarding van landbou-ontwikkelingspraktyke (Dūvel, 1975; Louw en Dūvel, 1978; Dūvel, 1982; Van der Wateren, 1983; Koch, 1985; Dūvel, 1987; Marincowitz en Dūvel, 1987; Koch, 1987; De Klerk, 1987). Op landbou- of bedryfsekonome gebied kon geen navorsing oor persepsie, gedragsverandering of innovasies gevind word wat op die landbougemeenskap gerig is.

2. Teoretiese beskouing van die kenmerke van innovasies

2.1 Inleiding

'n Rede waarom daar so baie belangstelling in die verspreiding van innovasies en aanvaardingsgedrag is, is volgens Rogers (1983:1) omdat dit baie moeilik is om nuwe idees of innovasies aanvaar te kry, hoewel daar voor-die-handliggende voordele aan die aanvaarding daarvan verbonde kan wees. Daar is 'n wye gaping in vele dissiplines tussen wat gedoen behoort te word en wat werklik gedoen word.

Rogers (1983:11) definieer 'n innovasie soos volg:

"An innovation is an idea, practice, or object that is perceived as new by an individual or other unit of adoption."

Sover dit menslike gedrag aangaan, word 'n idee, praktyk of objek as 'n innovasie geag sodra dit deur die individu as nuut beskou word en nie soseer wanneer die idee na vore gekom het of ontwikkel is nie. "Nuu beskou" word deur Rogers (1983:11) geag as: "The 'newness' aspect of an innovation may be expressed in terms of knowledge, persuasion, or a decision to adopt". Selfs as 'n idee dus vir 'n geruime tyd in die algemeen bekend was, maar 'n individu het nie in daardie tyd 'n gunstige of ongunstige gevoel vir die idee ontwikkel nie, of die idee aanvaar of verwerp nie, is die idee vir daardie individu nie 'n innovasie nie. Eers nadat die individu dit as "nuut" waarneem, is die idee, praktyk of objek vir *hom* 'n innovasie.

2.2 Kenmerke wat 'n invloed op die aanvaarding van innovasies het

Alle innovasies het nie dieselfde aanvaardingspotensiaal nie. Die rede hiervoor lê gesetel in die persepsie wat die potensieël aanvaarder van die innovasie het (Schiffman en Kanuk, 1987:593). Verskeie skrywers (Williams, 1982; Rogers, 1983; Schiffman en Kanuk, 1987) identifiseer vyf kenmerke wat 'n invloed op die aanvaarding van innovasies het, naamlik relatiewe voordeel; versoenbaarheid; kompleksiteit; toetsbaarheid; en waarneembaarheid. Rogers (1983:15-16) beskryf elk van hierdie kenmerke soos volg:

o Relatiewe voordeel

Die relatiewe voordeel verwys na die mate waartoe die potensieël aanvaarder die innovasie as beter as voorafgaande innovasies beskou. Hierdie relatiewe voordeel kan gemeet word in ekonomiese terme, maar sosiale faktore, gerief en bevrediging mag ook 'n rol speel. Uit 'n aanvaardingsoogpunt is dit dus belangrik dat die individu die innovasie perspieer of waarneem as voordelig vir hom.

o Versoenbaarheid

Versoenbaarheid word omskryf as die mate waartoe 'n innovasie versoenbaar is met die individu se huidige behoeftes, vorige ondervinding in hierdie verband, waardes en/of gebruike. 'n Innovasie wat nie aan die norme en waardes van 'n sosiale sisteem voldoen nie, sal nie so vinnig versprei of aanvaar word as een wat wel daaraan voldoen nie. Waar die innovasie nie aan hierdie waardes voldoen nie, sal die aanvaarding van 'n nuwe waardesisteem deur die gemeenskap die innovasie moet vooruitloop.

o Kompleksiteit

Kompleksiteit verwys na die moeilikheidsgraad om 'n innovasie te verstaan of te gebruik. Hoe makliker dit is om 'n innovasie te verstaan, hoe gouer sal die innovasie deur die sosiale sisteem aanvaar word.

o Toetsbaarheid

Toetsbaarheid word omskryf as die mate waartoe 'n innovasie op 'n beperkte skaal getoets kan word. Schiffman en Kanuk (1987:594) sê dat hoe groter die geleentheid is om die innovasie of produk uit te toets, hoe makliker dit vir die individu of gebruiker is om die innovasie te evalueer en moontlik te aanvaar.

o Waarneembaarheid

Waarneembaarheid verwys na die mate waartoe die resultate of voordele van 'n innovasie sigbaar of waarneembaar vir die individu of gebruiker is. Indien die resultate waarneembaar is, sal dit stimulus verleen aan potensieël gebruikers om die innovasie met vriende, bure of persone wat die innovasie reeds aanvaar het, te bespreek en gedagtes daaroor uit te ruil.

Schiffman en Kanuk (1987:98) se kommer dat te min studies na die invloed van voorgaande vyf innovasiekenmerke op die aanvaarding van innovasies onderneem word, word ondersteun.

3. Navorsingsprosedure


Die navorsingsmetodologie wat in die empiriese studie na nie-formele boerderybestuurskursusse as innovasie vir die landbougemeenskap in Suid-Afrika, 1978-1989 (Marais, 1989) gevolg is, word in drie komponente saamgevat, naamlik:

- (i) Die identifisering en beskrywing van die bestudeerde populasies.
- (ii) Die aard en ontwerp van die dataverzamelingsmetode.
- (iii) Die aard en omvang van die statistiese verwerking.

3.1 Die identifisering en beskrywing van die bestudeerde populasies

Daar is aanvanklik beplan dat die teikenpopulasie sou bestaan uit persone wat nie-formele boerderybestuurskursusse by verskeie instansies bygewoon het. Toegang tot naam- en adreslyste van sodanige kursusgangers is op 'n enkele uitsondering na geweier en om hierdie rede is besluit om die "Boerderybestuursentrum" se kursusgangers as 'n bestudeerde populasie te gebruik. Weens die feit dat die ewekansigheid van die verkleinde teikenpopulasie bevraagteken kon word, is besluit om as kontrolegroep 'n tweede populasie te identifiseer waar die antwoorde op sekere ooreenstemmende vrae ondersoek kon word. Om praktiese redes is besluit om die lede van 'n groot koöperasie in Wes-Transvaal vir hierdie doel te betrek.

Die verskillende bestudeerde populasies en groepe wat bestudeer is, word in Figuur 1 uitgebeeld.



Figuur 1: Die verskillende populasies en groepe wat bestudeer is.

Die bestudeerde populasie: kursusgangers is in drie groepe verdeel. Die vrywillige groep (Vry G) is daardie respondente wat die Boerderybestuursentrum se kursusse vanaf 1978 tot 1988 bygewoon het en die vraelys sonder aanmaning voltooi het. Die verpligte groep (Plig G) is daardie respondente wat die Boerderybestuursentrum se kursusse vanaf 1978 tot 1988 bygewoon het en die vraelys na aanmaning voltooi het. Die 1989-groep ('89-Groep) is die respondente wat die Sentrum se kursus in 1989 bygewoon het en nie 'n mening oor sekere vrae kon uitspreek nie.

3.2 Die aard en ontwerp van die dataverzamelingsmetode

Daar is besluit om as dataverzamelingsmetode die posvraelys te gebruik hoewel daar kennis geneem is (Schnetler, 1989) van die nadele van hierdie tipe metode, naamlik lae responsiekoers; gebrek aan aanpasbaarheid; gebrek aan beheer; gebrek aan verteenwoordiging; die sogenaamde "omkeertyd"; en volledigheid. Menings- en houdingsvrae is uitsluitlik in 'n geslote

of gestruktureerde vraagformaat gebruik om die gevoelens, oortuigings, idees en voorveronderstellings wat met die verspreidings tempo van innovasies (nie-formele boerderybestuurskursusse) verband hou, te bepaal. Die responsiekoers wat by die verskillende bestudeerde populasies verkry is, word in Tabel 1 uiteengesit.

Tabel 1: Die responsiekoers by die twee bestudeerde populasies

Bestudeerde populasie	Groep	Posvraelyste		
		Uit	In	Respons(%)
Kursusgangers:				
	Vry G	957	252	26,3
	Plig G	100	25	25,0
	'89-Groep	60	60	100,0
Kontrolegroep:				
		280	157	56,1
Totaal		1 397	494	35,4

3.3 Die aard en omvang van die statistiese verwerking

Vanweë die aard en omvang van die bestudeerde populasies, en die groepe wat daarbinne voorgekom het, is daar besluit om loglineêrmodelontledings op die verskillende bestudeerde populasies en groepe te pas om te bepaal of daar betekenisvolle verskille tussen die populasies of groepe in die beantwoording van die vrae bestaan het. Hierdie tipe ontleding is gedoen omdat die aard van die afhanklike veranderlikes kategorieë van aard was. Die verklarende veranderlikes wat ondersoek is, is ouderdom en opvoedingspeil.

4. Bevindings

Die reaksie van die respondente ten opsigte van die kenmerke wat 'n invloed op die aanvaarding van innovasies (die bywoning van nie-formele boerderybestuurskursusse) het, naamlik relatiewe voordeel, versoenbaarheid, kompleksiteit, toetsbaarheid en waarneembaar, word vervolgens bespreek.

4.1 Relatiewe voordeel

Ten opsigte van die relatiewe voordeel is daar aan die kursusgangers gevra in welke mate die relatiewe voordeel wat die bywoning van die kursus vir hulle na verwagting in ekonomiese en finansiële terme sou inhou, in hulle besluit om die kursus by te woon, 'n rol gespeel het. Tabel 2 gee 'n aanduiding of die oorweging sterk, matig of geensins na vore getree het. Hier is bevind dat daar betekenisvolle verskille tussen die verpligte groep aan die een kant en die vrywillige en die 1989-groep aan die ander kant, voorgekom het. Hierdie verskille het op 'n 10 persent peil van betekenis voorgekom.

Tabel 2: Die invloed wat die relatiewe voordeel van die bywoning van die kursus op die respondente gehad het

Invloed	Groep	
	Vry G + '89-Groep	Plig G
	%	%
Sterk na vore getree	70,2	68,0
Matig na vore getree	22,1	20,0
Geensins na vore getree	1,9	12,0
Nie beantwoord	5,8	0,0
Totaal	100,0	100,0

Hoevel daar statisties betekenisvolle verskille tussen die groepe bestaan, kan afgelei word dat die relatiewe voordeel wat die bywoning van die kursus na verwagting sou inhou, in die groepe matig, maar veral sterk na vore getree het.

4.2 Versoenbaarheid

Ten opsigte van versoenbaarheid is daar aan die kursusgangers gevra of hulle gevoel het dat hul ondervinding en agtergrond van die kursusonderwerp voldoende was om die kursus te volg. Bykans twee-derdes (64,1%) van die respondente het aangedui dat hulle wel na hulle mening voldoende ondervinding en agtergrond oor die kursusonderwerp gehad het. Slegs ongeveer 'n derde (35,6%) het aangedui dat dit nie die geval was nie.

Die loglineêrmodelontleding wat op die kursusgangers gepas is, het aangetoon dat daar geen betekenisvolle verskille tussen ouderdomsgroepe bestaan het nie, maar dat daar wel betekenisvolle verskille tussen opleidingspeile bestaan het. Die betekenisvolle verskille het op 'n 5 persent peil van betekenis voorgekom. Die kansrelatief dat die ondervinding en agtergrond nie voldoende was nie, teenoor voldoende, was by die gegradeerdes die laagste (0,22:1), terwyl dit die hoogste was by die respondente wat standerd 10 met of sonder 'n diploma gehad het (0,48:1). Die kansrelatief by die respondente wat nie oor 'n standerd 10 kwalifikasie beskik het nie, was ook relatief hoog (0,40:1). Dit beteken dat daar vir elke 100 gegradeerdes wat gevoel het dat hul ondervinding en agtergrond voldoende was, 22 gevoel het dat dit onvoldoende was. Daarteenoor het daar vir elke 100 persone wat nie oor standerd 10 beskik het nie en gevoel het dat hul ondervinding en agtergrond voldoende was, 40 van die persone gevoel het dat dit nie die geval was nie.

4.3 Kompleksiteit

Ten opsigte van kompleksiteit is daar aan die kursusgangers gevra of die kompleksiteit van die kursus, vreemde vakgebied en moeilike terminologie hulle in 'n groot, redelike of in geen mate laat twyfel het om wel die kursus by te woon. Die mate waarin die respondente getwyfel het, word in Tabel 3 uiteengesit. Betekenisvolle verskille, op 'n 5 persent peil van betekenis, het tussen die verskillende groepe voorgekom en om hierdie rede word die antwoorde van die groepe afsonderlik weergegee.

Die loglineêrmodelontleding wat uitgevoer is, moes op die gesamentlike antwoorde van al drie die groepe in hierdie bestudeerde populasie uitgevoer word, omdat die lae responsiekoers nie afsonderlike ontledings regverdig het nie. Verder moes twee kategorieë saamgevoeg word, naamlik die respondente wat in 'n groot mate getwyfel het en die respondente wat in 'n redelike mate getwyfel het. Hierdie nuwe kategorie staan bekend as die kategorie wat wel getwyfel het.

Tabel 3: Die mate waarin kompleksiteit die respondente laat twyfel het om die kursus by te woon

Mate van twyfel	Vry G %	Plig G %	'89-Groep %
Groot mate van twyfel	1,6	4,0	6,7
Redelike mate van twyfel	18,7	32,0	41,7
Geen mate van twyfel	79,4	64,0	51,6
Nie beantwoord	0,3	0,0	0,0
Totaal	100,0	100,0	100,0

Die loglineêrmodelontleding het getoon dat daar geen betekenisvolle verskille bestaan het ten opsigte van ouderdomsgroepe nie. Ten opsigte van opleidingspeile het daar wel 'n betekenisvolle verskil op 'n 1 persent peil van betekenis bestaan. Insiggewend was die feit dat die kansrelatief soos volg daaruit gesien het (Tabel 4):

Tabel 4: Die kansrelatief ten opsigte van geen twyfel teenoor twyfel oor die kompleksiteit van die kursus

Opleidingspeil	Kansrelatief
Laer as st. 10 met of sonder diploma	0,19:1
St. 10 met of sonder diploma	0,40:1
Graad	1,52:1

Uit Tabel 4 kan afgelei word dat daar vir elke 100 gegradueerdes wat geen twyfel oor die kompleksiteit van die kursus gehad het nie, 152 wel sou getwyfel het. Die teenoorgestelde geld vir persone wat nie oor standaard 10 beskik het nie. Vir elke 100 persone met die kwalifikasie, wat geen twyfel oor die kompleksiteit van die kursus gehad het nie, sou slegs 19 persone wel twyfel oor die kompleksiteit van die kursus gehad het.

4.4 Toetsbaarheid

Ten opsigte van toetsbaarheid is die vraag gevra of die feit dat die kursusinhoud nie voor kursusbywoning beskikbaar was nie, die kursusingangers baie, redelik of geensins gepla het in hul besluit om die kursus by te woon. Betekenisvolle verskille, op 'n 5 persent peil van betekenis, het tussen die verskillende groepe voorgekom en om hierdie rede word die antwoorde van die groepe afsonderlik weergegee. Tabel 5 verskaf die antwoorde op die vraag.

Tabel 5: Die mate waarin dit gepla het dat die kursusinhoud nie toetsbaar was nie

Mate gepla	Vry G %	Plig G %	'89-Groep %
Baie gepla	2,0	0,0	10,0
Redelik gepla	20,7	20,0	26,7
Geensins gepla	77,3	80,0	63,3
Totaal	100,0	100,0	100,0

Dit is duidelik dat dit nie baie gepla het dat die kursusinhoud nie voor die tyd beskikbaar was nie. Meer as 'n driekwart van die respondente van die vrywillige en verpligte groepe het aangedui dat dit geensins gepla het nie. Die feit dat die kursusinhoud nie voor die tyd aan die 1989-groep ter insae beskikbaar was nie, het die groep in 'n groter mate gepla. Geen betekenisvolle verskille het tussen ouderdomsgroepe of opleidingspeile voorgekom nie.

4.5 Waarneembaarheid

Ten opsigte van waarneembaarheid is die vraag gevra of die feit dat die resultaat of voordeel van die bywoning van die kursus nie op daardie stadium waarneembaar was nie, hulle baie, redelik of geensins laat twyfel het om wel die kursus by te woon. Daar is bevind dat die gebrek aan waarneembaarheid 'n groot persentasie respondente (85,8%) nie daarvoor laat twyfel het om die kursus by te woon nie.

5. Samevatting

Die innovasiekenmerke, naamlik relatiewe voordeel, versoenbaarheid, kompleksiteit, toetsbaarheid en waarneembaarheid van 'n innovasie speel 'n deurslaggewende rol in die aanvaarding of verwerping van die innovasie.

Ten opsigte van die invloed wat die relatiewe voordeel van die bywoning van nie-formele boerderybestuurskursusse vir die landbougemeenskap inhou, het bykans 90 persent van die

respondente te kenne gegee dat die relatiewe voordeel 'n rol speel in die aanvaarding van die innovasie, naamlik om 'n nie-formele boerderybestuurskursus by te woon.

Die individu se versoenbaarheid ten opsigte van sy ondervinding en agtergrond van die kursusonderwerp het by tweederdes van die respondente geen invloed op hul besluit gehad om wel die nie-formele boerderybestuurskursus by te woon nie. Loglineêrmodelontledings het wel aangetoon dat hoe laer die opleidingspeil van die kursusinganger is, hoe meer twyfel daar by die persoon bestaan het oor die versoenbaarheid met die kursus.

Ten opsigte van die mate waarin die kompleksiteit van 'n nie-formele boerderybestuurskursus die landbougemeenskap laat twyfel om 'n nie-formele boerderybestuurskursus by te woon, het twee derdes van die respondente laat blyk dat kompleksiteit nie die aanvaardingstempo om die kursus wel by te woon, beïnvloed nie. Loglineêrmodelontledings het wel aangetoon dat hoe hoër die opleidingspeil van die kursusinganger is, hoe meer twyfel die persoon oor die kompleksiteit van die kursus.

Die feit dat die resultaat of voordeel van die bywoning van 'n kursus nie vooraf toetsbaar of waarneembaar is nie, het in bykans tagtig persent van die gevalle geen invloed op die aanvaarding van die innovasie (bywoning van 'n nie-formele boerderybestuurskursus) gehad nie.

Die aanvaardingstempo van innovasies deur die landbougemeenskap mag verhoog as persone op die professionele vlak van boerderybestuur die innovasiekenmerke reg verstaan en aanwend in hul poging om die boerderybestuursdoeltreffendheid in die landbou te verhoog.

Verwysings

- DE KLERK, CH. (1987). 'n Ondersoek na faktore wat in die weg staan van die aanvaarding van aanbevole veldbeheerpraktyke, Suid Afrikaanse Tydskrif vir Landbouvoorligting, Vol 16:39-43.
- DE KLERK, CH en DÜVEL, GH. (1982). Menskundige en omgewingsinvloede op praktykaanvaarding en reproduksie doeltreffendheid in die hoë potensiaal beesboerderygebiede van Suidwes-Afrika. Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Landbouvoorligting, Vol 11:1-15.
- DÜVEL, GH. (1975). Die bemiddelende funksie van persepsie in innovasiebesluitneming. Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Landbouvoorligting, Vol 4:25-36.
- DÜVEL, GH. (1982). Behoefteskepping en -ontginning: Die basis tot verandering, Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Landbouvoorligting, Vol 11:27-34.
- DÜVEL, GH. (1987). Situatiebepaling: Van teorie tot 'n praktiese model, Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Landbouvoorligting, Vol 16:1-10.
- GROENEWALD, JA. (1973). 'n Oorsig oor die gehalte van bestuur in die Suid-Afrikaanse landbou. Agrekon, Vol 12, No 2.
- HATTINGH, HS. (1969). Plaasbestuur - 'n voorvereiste vir gesonde landbou-ontwikkeling. Agrekon, Vol 8, No 2.
- JOUBERT, JSG. (1987). Die invloed van die ekonomies/finansiële omgewing op boerderybestuur en -besluitneming. Referaat gelewer by die jaarlikse konferensie van die Landbou-Ekonomievereniging van Suider-Afrika. Johannesburg.
- KOCH, BH. (1985). Die rol van kennis in die aanvaarding van landbou-ontwikkelingspraktyke, D. Inst. Agrar., Universiteit van Pretoria.

KOCH, BH. (1987). Probleem-persepsie as voorvereiste vir gedragsverandering. Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Landbouvoorligting, Vol 16:19-25.

LOUW, A. (1986). Veranderinge in boerdery- en finansiële bestuur: Implikasies vir die toekoms. Referaat gelewer by die jaarlikse konferensie van die Landbou-Ekonomievereniging van Suider-Afrika, Durban.

LOUW, JC en DÜVEL, GH. (1978). Differentiële persepsie: 'n Kommunikasie hindernis. Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Landbouvoorligting, Vol 7:3-14.

MARAIS, A de K. (1989). Nie-formele boerderybestuurskurse as innovasie vir die landbougemeenskap in Suid-Afrika, 1978-1989. DCom, Universiteit van Suid-Afrika.

MARINCOWITZ, GJO en DÜVEL, GH. (1987). Die rol van behoeftes in die aanvaarding en bevordering van boerbokboerdery. Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Landbouvoorligting, Vol 16:11-18.

OOSTHUIZEN, LK. (1987). Boerderybestuur in Suid-Afrika: Die huidige toestand. Agrekon, Vol 26, No 1.

ROGERS, EM. (1983). Diffusion of innovations. 3rd edition. New York: The Free Press.

SCHIFFMAN, LG en KANUK, LL. (1987). Consumer behaviour. 3rd edition. New Jersey: Prentice-Hall.

SCIENETLIER, J. (Red) (1989). Opleemmetodes en -praktyk. Pretoria: Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing.

VAN DER WATEREN, JJ. (1983). Die plek en behoefte aan volwasse opleiding en landbou-ontwikkeling. Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Landbouvoorligting, Vol 12:29-38.

WILLIAMS, TG. (1982). Consumer behavior: Fundamentals en strategies. New York: West Publishing Company.

Summary

In view of the fact that the agricultural community is reluctant to accept innovations (attending non-formal farm management courses), non-formal farm management courses as an innovation for the agricultural community in South Africa during the period 1978 until 1989 were investigated.

This article considers the innovation characteristics which influence the attendance of non-formal farm management courses. These characteristics are the relative advantage, compatibility, complexity, trialability and observability.

Results show that the relative advantage which could be obtained by attending a non-formal farm management course is the most significant characteristic which influences the attendance of non-formal farm management courses.

Significant differences in opinion between the more educated course participants and the less educated course participants were revealed in regard to the characteristic "complexity". The less educated course participants were less worried about the complexity of the farm management course than the more educated course participants.